

INHOUDSOPGAWE


Vyandskap tussen jou en die vrou	1
Kom ontmoet my! (Levitikus 1)	4
Daar word vir ons gebid!	5
Bejaard	10

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

VYANDSKAP TUSSEN JOU EN DIE VROU

J Borgdorff



aantal engele wat Satan in sy opstand gevolg het. As ons na die aard van Satan kyk (volgens 2 Kor 2:11 is sy gedagtes nie vir ons onbekend nie), was dit verseker sy doel om al God se engele van Hom af weg te neem. Hierdie plan het misluk. Baie hemelse knegte bly aan Hom getrou.

Revolusie op aarde

Aangesien hy nie daarmee tevrede is nie, rig Satan hom na die aarde toe, waar daar twee mense lewe in die Paradys. Deur sy verleiding kry hy dit reg om eers vir Eva en dan deur haar, ook vir Adam aan sy kant te kry.

Adam het 'n spesiale posisie gehad: hoof van die mensheid. Hy het alle mense wat uit hom sou voortkom, verteenwoordig (Rom. 5:12). Dus ook ek en jy. Deur die sondeval ontstaan daar 'n vyandskap wat nie deur God gemaak is nie, maar waarvoor die mens moedswillig gekies het. God aan die een kant en Satan en die mensdom aan die ander kant. Die posisies staan vas vir sover dit van die mense afhang.

God se verrassing

Goddank – ons sien dat die voortgang van die geskiedenis nie van die mens afhang nie. God kom na die mens toe (NGB art 17) en Hy

Paradys

Vanuit ons gebroke lewe kyk ons vol verwondering terug na die paradys: vrede met God en vrede met mekaar. God het alles gesien wat Hy gemaak het en dit was baie goed. Adam en Eva het mekaar naak gesien, maar hulle het hul nie vir mekaar geskaam nie.

Opstand in die hemel

Maar daar ontstaan vyandskap in die hemel. Daar is engele - onder leiding van een van hulle: satan (dit is: teenstander) - wat ontrou word aan hulle oorsprong (Judas 1:6). As skepsel wil hy nie meer aan sy Skepper gehoorsaam wees nie. Ons ken hom ook as die draak uit Openbaring 12, wat 'n derde van die sterre agter hom aansleep en op die aarde gooi. Sommige verklaarders meen dit is 'n aanduiding van die

ruk hom van Satan af weg. Hoekom? Sommer, uit wonderbare wysheid en goedheid gee Hy genade. God wys sy liefde aan sy vyande deurdat Hy 'n heel ander vyandskap stel: Satan en sy saad aan die een kant en die saad van die vrou aan die ander kant. 'n Vyandskap wat sou uitloop op 'n oorwinning vir die Saad van die vrou. Dit noem ons dikwels vandag die genadeverbond, al het God alle rede gehad om dit anders te doen (DL 1,1).

Die sonde bly sterk

Maar God se bondgenoot is nie meer die goeie mens uit die paradys nie. Die sonde is gesetel in sy hart, en die duiwel probeer hom elke keer weer aan sy kant te kry. Hierteenoor bly God ons roep, Hy maak telkens weer 'n nuwe begin, want steeds vertroebel die sonde dit weer. Kyk maar net as voorbeeld na die vroeë geskiedenis, die lewe van Kaïn, Abel en Set. Hier sien ons die uitwerking van die vyandskap tussen die vrouesaad en die slangesaad. Uit hierdie vroeë geskiedenis bly slegs Noag oor aan God se kant. Na die sondvloed steek die sonde weer kop uit. Na baie sondes ontstaan daar tog weer 'n volk uit die aartsvaders. Die volk beland in Egipte, wat 'n gevangenis met karaktertrekke van die hel blyk te wees. God lei hulle daaruit en ten spyte van baie sondes, kom hulle in die beloofde land. Hulle word weer daaruit verdrywe omdat hul kort-kort teen die God van hulle verkiesing kies. Die historiese boeke, die profetiese geskrifte staan vol oor hoe God se volk die verkeerde kant kies, God se liefdesverbond verbreek en vrywillig in Satan se slawediens tree.

Los van Christus raak ons onvermydelik weer in die greep van die Satan.

Die geskenk uit die hemel

God bly egter woorde spreek wat hoop opwek en uitsig gee. Messiaanse profesieë, beloftes van heil, wat almal spruit uit God se eerste

woorde in Genesis 3:15. Die kop van die slang sal vermorsel word. God is so onvoorstelbaar getrou, dat Hy sy eie Seun gee (Joh 3:16). Christus neem Adam se plek in. Nie in 'n paradys nie, maar in die woestyn van hierdie deur-sonde-bevlekte-wêreld. Nie met 'n mooi liggaam soos wat Adam nog in die paradys gehad het nie, maar met 'n liggaam *'in die gelykheid van die sondige vlees'* (Rom. 8:3) Hy neem al die vyandskap teen God, al die sonde, alle verset op Hom en bring dit na die kruishout (1 Pet 2:24). Tenminste vir sover dit die mens betref. Oor die (gevalle) engele ontferm God Hom nie, maar Hy ontferm Hom oor die nageslag van Abraham, die verlore seuns en dogters van sy verbond. (Heb 2:16). *'Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê'* (Joh 3:16).

Volkome

Christus is die enigste Een wat met 'n volkome toegewyde hart aan God se kant staan en telkens weer teen die duiwel kies. Satan kry geen vat op Hom nie, vanweë sy volkome gehoorsaamheid. Tot in die dood is ons Here getrou. Hy ly en sterf in eensaamheid. Selfs sy dissipels het Hom in die steek gelaat. Geen mens was daartoe in staat om Satan teë te staan en te oorwin nie. Dit doen Christus. Ook wanneer Hy ná Sy oorwinning oor die duiwel uit die graf opstaan, staan Hy alleen in sy oorwinning. Maar dit bly nie so nie. Dit is immers God se bedoeling dat Hy baie kinders na die heerlijkheid sou bring (Heb. 2:10).

Weet wie jy is

Die groot vyand is deur Christus verslaan. Dit beteken egter nie dat Satan nie meer slagoffers onder ons kan maak nie. Ons kinders is in Christus geheilig (1 Kor 7:14). Ons bely egter ook by die doop dat hulle in sonde ontvang en gebore is, en dat hulle nie die ryk van God sal binnegaan tensy hulle weer opnuut gebore word nie. God sê by die doop: Ek stel vyandskap tussen Satan en hierdie kind. Hierdie kind behoort aan My, ek stel jou aan my kant. My Naam staan op jou voorkop geskrywe met

Geloof kan nie sonder 'n gevestigde gemoedsrus wees nie; en die gemoedsrus bring op sy beurt 'n kragtige geloofsblydskap voort

- J Calvyn

onuitwisbare water. Ek eis wel geloof en bekering as jy opgroeï. Wie na die vyand oorloop en met hom 'n verbond aangaan, verspeel sy burgerskap van die hemelryk. Sulkes word uitgewerp en aan die Satan oorgelewer. Alleen deur geloof in Christus is ons meer as oorwinnaars.

Ons is nog nie daar nie

Deur die magtige daad van God se kant is ons nog nie van die vyand ontslae nie. Inteendeel, die duiwel sal met alle mag probeer om ons weer aan sy kant te kry en ons doop kragteloos te maak. Hy het twee magtige bondgenote: die wêreld wat hom volg en dien en ons sondige aard waarteen God se kinders lewenslank sal moet stry. Die Here Jesus het ons nie verniet leer bid nie: lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Lees maar in die Heidelbergse Kategismus Sondag 52 wat hierdie woorde beteken.

As Adam met sy sondelose liggaam in die paradys reeds deur die duiwel verlei is, hoeveel te meer loop ons dan nie voortdurend die gevaar om deur hom meegesleur te word nie. Moenie 'n fout maak nie: Die duiwel is regtig nie bang vir u nie (1 Pet 5:8).

Daar is slegs Eén

Daar is slegs Eén vir wie die duiwel wyk. Daar is slegs Eén op wie die duiwel geen vat kry nie. Here, waarheen dan? Tot U alleen! Die enigste redding is: jou toevlug neem by die Here Jesus Christus. Glo in Hom, klou aan Hom vas. Dit is wat die ware geloof doen, soos ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis art 22 bely: Die Heilige Gees laat 'n opregte geloof in ons harte opvlam wat Jesus Christus met al sy verdienste omhels. Let op hierdie innige woord: omhels – dit hoort by liefde, by 'n innige verhouding. Slegs in so 'n innige verhouding is dit moontlik om aan God se kant die duiwel te weerstaan. (Jak 4:7) Los van Christus raak jy onvermydelik weer in sy greep.

Innige verhouding

Die innige verhouding word deur die Heilige Gees bewerk met die wedergeboorte. Wanneer Christus kragtig in jou lewe deurbreek, beheers Hy jou hart so, dat jy nie meer vir jou self leef nie, maar dat Christus in jou regeer (Gal 2:20). Dan is jy 'n rank aan die ware wynstok (Joh 15:1-8), 'n lid van Christus se liggaam (1 Kor 12:12,13). Die wat in Christus is, is dan 'n nuwe skepsel (2 Kor. 5:17). Deur sy krag sterf die ou mens en staan die nuwe een op, soos ons bely in HK Sondag 33. Die vyandskap word slegs deur Christus oorwin. Ons is slegs deur Hom, en nie deur onself nie, meer as oorwinnaars (Rom 8:37-39)

As ek met vuil hande Christus omhels, dan word Hy nie vuil deur my nie, maar ek word skoon deur Hom.

Deur die woestyn

In hierdie lewe bereik ons nie volmaaktheid nie. Die wat wil weet wat ons daarvoor glo en bely, kan die vyfde hoofstuk van die Dordtse Leerreëls raadpleeg. Die sonde, Satan, my eie ek - hulle sit nie meer op die troon van my hart nie. Hulle beheers my nie meer nie. Maar hulle is nog daar en tempteer my nog baie. Wat 'n onvoorstelbare wonder dat God dan berou in my hart bewerk en my om Christus wil sewentig maal sewe keer vergewing skenk. As ek met leë hande, met vuil hande tot Christus nader en Hom omhels, dan word Hy nie vuil deur my nie, maar ek word skoon deur Hom. God hou sy werk in my lewe tot aan die einde toe vol.

Na die beloofde land toe

Vanuit ons gebroke lewe kyk ons vol verwondering vooruit na Christus se wederkoms, na die nuwe hemel en die nuwe aarde: vrede met God en vrede met mekaar. Geen sprake van


Die onvergeeflike sonde is 'n konstante, moedswillige en hardnekkige onberou

vyandskap nie. Die dood sal nie meer daar wees nie en geen Satan of sonde kan ooit daar inkom nie. Wat 'n bemoediging om in hierdie lewe ondanks alles en dwars deur alles heen Hom lief

te hê soos Hy ons liefgehad het. Op die bruilof van die Lam sal die bruid stralend en rein wees en die fees sal geen einde hê nie.

KOM ONTMOET MY! (LEVITIKUS 1)

E Viljoen



THE TABERNACLE IN THE MIDST OF THE ENCAMPMENT

Ongewilde boek?

Daar is 'n paar redes waarom die boek Levitikus nie baie gewild is by Christene nie. Die baie rituele, heilige gewade en plekke en persone en die herhaalde offers, wek by baie die gedagte op van dit waarvan ons verlos is in die tyd van die Reformasie van die 16'e eeu. Levitikus word daarom maklik geassosieer met dit wat baie mense as negatief uit die geskiedenis of eie ervaring ken. Word 'n mens nie so klein bietjie Rooms van hierdie boek nie?

As dit nie die invloed van Rome is nie, dan voel dit vir baie in elk geval asof daar 'n Fariiseër in hierdie boek skuil, of asof die wet-tisisme vir ons om elke hoek loer by elke nuwe hoofstuk.

Nog redes waarom mense vervreemd voel teenoor Levitikus, is dat die praktyke wat in die

boek soms in groot besonderhede beskryf word, nie altyd goed rym met *modern Westerse idees oor wat beskaafd* is, nie. Vir baie is alles net 'n bietjie te veel bloederig en wreed en vermorsing van kosbare diere- en plantelewe. Is dit nie alles bietjie te "primitief" om vir ons van enige betekenis in die 21'e eeu te wees nie? Die boek kan maklik die indruk wek dat dit getuig van 'n kultuur wat net te vêr van ons verwyderd is, om relevant te wees.

'n Ander en nog gevaarliker misverstand, is dat Christene sedert die offer van Christus aan die kruis, eintlik Levitikus as 'n stasie kan beskou waarby ons verby is. Dit is deel van die seremonies en heenwysings van die Wet wat met die koms van Christus opgehou het. Die gebruik daarvan moet daarom onder Christene afgeskaf word (NGB Artikel 25). Ons bely egter in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 25 dat die inhoud daarvan vir ons nogtans in Christus bly bestaan. Dit wil ons juis in die evangelie bevestig.

God is hier teenwoordig!

Die mees oorheersende boodskap van die boek Levitikus is dat die lewende God teenwoordig is by sy kinders. Wat kan meer evangelies wees as dit? In Levitikus beloof die Here om teenwoordig te wees en lewe te gee deur allerhande rituele en feeste. Natuurlik het dit alles in die Nuwe Testament 'n groter volmaaktheid gekry deur Jesus Christus wat naby gekom en as mens onder ons kom woon het.

Die vraag is nooit of ons goed genoeg vir die verlossing is nie, maar eerder of ons Christus as goed genoeg ag vir ons hele verlossing

Maar die heiligheid van die Here, sy nabyheid, die heiligheid van sy gemeente, die aaklige gesig van die sonde, het in die Nuwe Testament nie minder geword nie. Alles wat in Levitikus gebeur, moet gedoen word in die teenwoordigheid van die Here. Sy teenwoordigheid is daar of word daar herstel waar die voorskrifte van Levitikus nougeset gevolg word. Die Here gee self dit wat nodig is om sy blywende teenwoordigheid te verseker.

Die grote Here van die hemel het op aarde "toeganklik" geword!

Hier is Ek!

Levitikus begin met 'n geweldige uitnodiging. "Kom ontmoet my en wees by my en lewe voor my aangesig". Dit is presies waarvoor die Here Abraham reeds geroep het : "**Kom lewe voor my aangesig, dan sal jy opreg wees**" (Gen. 17:1).

Nou het die Here 'n ontmoetingsplek gegee. 'n

Heilige plek. 'n Tent van ontmoeting. Eers ontmoet die Here Moses in die brandende bos – hier is heilige grond! Nog later kom die Here op die berg neer en praat vanaf die top van die berg. Nog later praat Hy vanuit die wolk met Moses.

En nou word dit nog mooier aan die begin van Levitikus. Die Here roep Moses en praat met hom...nou nie meer vanaf die berg of bo-op die berg nie. Sy stem word gehoor uit die tent van samekoms. Dit is asof die Here demonstratief sê : "Hier is Ek!!"

Dit kan ook nie anders nie, want die boek Eksodus eindig met die Here wat sigbaar die Tabernakel betrek. Nadat die Tabernakel voltooi is, het die Here se wolk van heerlijkheid die hele Tabernakel bedek.

En die heerlijkheid van die Here, d.i. sy teenwoordigheid, het die tabernakel vervul. So werklik was die Here se teenwoordigheid, dat Moses nie eers die tent kon ingaan nie (Ex. 40:34-35).

DAAR WORD VIR ONS GEBID!

AN Hendriks



Wanneer dit oor voorbedding gaan, dink ons dadelik aan die opdrag wat so duidelik in die Nuwe Testament na ons toe kom, om te bid vir alle mense (1 Tim. 2:2), vir owerheidspersone (1 Tim. 2:2), vir mekaar as gelowiges (Ef. 6:18), vir hulle wat siek is (Jak. 5:16) en vir broeders wat sondig (1 Joh. 5:16). Die Here Jesus beveel ons selfs om vir ons vyande te bid (Mat. 5:44). Tot welke mate ons bid ook "bid vir" beteken, leer Hy ons in die Onse Vader. Die meervoud "ons" dring ons daartoe om in ons gebed al die kinders van God met ons saam te neem na sy troon.

Hoe wesenlik hierdie voorbedding ook al vir ons

Ek glo in Christenskap soos ek in die son glo – nie slegs omdat ek dit sien nie, maar veral ook omdat ek deur dit alle ander dinge sien

- CS Lewis

gebedslewe is, wil ek nie nou dááror handel nie. Ek vra aandag vir 'n ander voorbedding, die voorbedding van *ons Heiland*. Ek doen dit omdat die gebedswerk van ons Here in die prediking sowel as in die geloofspraktyk dikwels min aandag kry. Die klagte van A. Kuyper dat die saak van Christus se voorbedding verswak is en, tot skade van die kerk, van die eerste plek tot die laaste plek verdring is en 'n soort aanhangsel by die versoeningsleer geword het, is steeds nog nie heeltemal bygelê nie.

Christus se voorbedding

Miskien het dit u nog nie só opgeval nie, maar die Heidelbergse Kategismus noem in antwoord 49 as eerste "nut" van die hemelvaart, dat Christus in die hemel by die Vader vir ons pleit. Daar kan oor die hemelvaart baie gesê word. Dit is Christus se troonsbestyging. Hy gaan sit aan die regterhand van God. Deur die hemelvaart is "ons menslike natuur" in Hom in die hemel, en word dit vir Hom moontlik om sy Gees vir ons te stuur. Maar die eerste is sekerlik dat Christus só ons Voorbedder by die Vader geword het. Ek vind dit ook in wat Paulus geskryf het in Romeine 8:34: "*Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree*". Die apostel verkondig 'n vooruitgang in die heilswerk, 'n vooruitgang wat daarop uitloop dat Christus vir ons pleit. Dit is vir Paulus die hoogtepunt: die Pleiter in die hemel!

Ons vind iets dergelyks in die brief aan die Hebreërs. Dié brief verkondig die lewe en werk van Christus op aarde (Heb. 2:14e.v.; 5:7e.v.; 9:14), maar noem as "hoofsaak" van alles wat hy wil verkondig: "*Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, 'n bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel ...*" (Heb. 8:1,2). Wat dié bediening inhou, hoor ons in hoofstuk 9:24: Om vir ons voor God te verskyn.

Tereg sê H. Bavinck dat die aardse lewe van Christus (dus ook sy kruisoffer) in die brief aan die Hebreërs dikwels verstaan word as 'n

voorbereiding vir die hoëpriesterlike werk wat hy nou in die hemel verrig.

Die Heidelberger volg dus in die spoor van die Skrif wanneer hy aan die voorbedding van Christus so 'n groot gewig verleen. Die Here Jesus kan ons volkome red juis omdat Hy altyd vir ons intree (Heb. 7:25)!

Versoening

Die voorbedding van Christus kom in die Nuwe Testament in verskillende verbande ter sprake. Myns insiens staan die *versoenende krag* daarvan tog voorop. Johannes praat daarvoor wanneer hy skryf: "*My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes ...*" (1 Joh. 2:1,2). Vir "voorspraak" gebruik die apostel die Griekse *paraklētōs*.

Daar is 'n vooruitgang in die heilswerk van Christus, 'n vooruitgang wat daarop uitloop dat Christus vir ons pleit.

Geruime tyd is aanvaar dat dié woord 'n tipies juridiese kleur het. Onlangse ondersoek het egter aangetoon dat die woord 'n meer algemene strekking het in die sin van begunstiger of helper. In ons sondenood is die Here Jesus ons bystand by die Vader. Hy help ons in die hemelse hof. Hy kán ons help deurdat Hy "die Regverdige" is: Hy het in alles aan God se geregtigheid voldoen en staan volmaak skuldloos voor God.

In die aanduiding "die regverdige" sien ons hoedat sy lewe en werk op aarde geen oomblik los te maak is van sy werk in die hemel nie. Hy kan ons pleitbesorger by die Vader wees, omdat Hy op aarde sy bloed vergiet het tot vergiffenis van sondes (vgl. Matt. 26:28). Teoloë het soms onderskeid gemaak tussen die middelaarskap van versoening en die middelaarskap van

Daar is niks meer on-christelik as 'n alleenloper-Christen, nie

- J Wesley

voorbidding. Dit lyk vir my nie wenslik nie. Versoening en voorspraak hoort onafskeidbaar bymekaar. Die versoenende werk van Christus gaan in die hemel verder.

Nie dat Hy Hom nog aan die Vader offer nie. Dit het op aarde eens en vir altyd gebeur (Heb. 10:10,14). Maar wel in die sin dat Hy sy bloed laat spreek by die Vader (vgl. wat Heb. 12:24 sê oor die sprekende bloed van die Middelaar Jesus!). Dat die Heiland ook in die hemel nog Middelaar en Versoening is, blyk uit wat Johannes in verband met sy voorspraak skryf: " ... *Hy is 'n versoening vir ons sondes*". Die apostel skryf nie "was" nie, maar "is". Die Heiland is in eie persoon nog altyd " 'n versoening".

In sy voorbidding leef en werk sy offerande voort. Nie die van Christus se persoon losgemaakte en eens vir altyd op aarde volbragte offerande nie, maar die verhoogde Christus, wat immers die gekruisigde is, is en bly die versoening van ons sondes. Vir "versoening" gebruik die Nuwe Testament die woorde *katallage* en *hilasmos*, wat elk 'n eie karakter dra. Johannes noem Christus 'n *hilasmos*, 'n woord wat uit die kultiese sfeer stam. Dit spreek van die bedekking van iemand se oortredings deur die bloed van 'n offerdier.

Die Here Jesus kan ons volkome red juis omdat Hy altyd vir ons intree

Dat die apostel juis hierdie woord hier neerskryf in die konteks van "sondig", verkondig aan ons hoedat ons Heiland as die één wat gekruisig is, vir ons by die Vader intree. Ons sondes verbreek steeds weer die vrede met God. Ons roep sy toorn oor ons op. Maar steeds tree Christus vir ons in die bres. In daardie hof der howe laat Hy sy bloed spreek. En so is Hy voortdurend 'n versoening, 'n bedekking vir al ons sonde. Daar is vergewing vir wie sonde bely, omdat ons 'n Helper het wat in *eie persoon* die versoening, die vrede met God is (vgl. Ef.

2:14: "Want Hy is ons vrede") en so sy bloed laat spreek.

Toegang tot die Vader

Artikel 26 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat oor "Christus ons Voorspraak" handel, begin met die belydenis dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige. Ons kan net tot die Vader nader omdat Christus, wat 'n "versoening" is, vir ons pleit. Deur hierdie Pleitbesorger is ons "die toegang" gegee (vgl. Ef 2:18). Dit is veral die Hebreërbrief wat op hierdie aspek van Christus se voorbidding wys. As slotsom van alles wat die skrywer aan ons verkondig oor die werk van Christus as hoëpriester, klink dit in hoofstuk 10: "*Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus ... laat ons toetree ...*".

Die weg na God se troon was onder die ou bedeling nog nie geopen nie (Heb. 9:8). Die hoëpriester mog net één keer per jaar 'n rukkie in die nabyheid van God se troon verskyn. Christus het met sy offer die reg verwerf, nie alleen om tot God se troon te nader nie, maar ook om by die troon te *bly*. Ons het 'n Hoëpriester wat vir altyd sit aan die regterhand van die troon van God se majesteit (Heb. 8:1). Ons kan nou "... *deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir (ons) in te tree*" (Heb. 7:25). Ons mag "gaan" (Heb. 4:16), "toetree" (Heb. 10:22), "kom" (Heb. 12:22), omdat Christus eens en vir altyd die hemelse heiligdom ingegaan het (Heb. 9:12), omdat hy vir ons voor die aangesig van God verskyn (Heb. 9:24) en altyd leef om vir ons te pleit.

Ons ontdek hier hoe wesenlik Christus se voorbidding aan ons *bidde* verbonde is. Ons kan net tot God nader omdat Hy die weg met sy offer gebaan het, en permanent vir ons pleit. Sonder sy voorspraak sou ons gebede, onwaardig soos hulle is, nooit deur God gehoor word nie. Calvyn skryf treffend dat ons " *'n Middelaar nodig het om in ons naam te verskyn, ons op sy skouers te dra en ons vasgemaak aan sy bors te hou, sodat ons in sy Persoon aangehoor kan word*". Ons nader

What a man is alone on his knees before God, that he is - and no more

- RM M'Cheyne

in ons gebede tot die ontsagwekkende hemelse Majesteit wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien (Hab. 1:13). Maar, terwyl ons nader, is ons getroue Heiland daar, wat sy stem vir ons verhef en die troon van dié Majesteit vir ons maak 'n troon van genade en hulp (Heb. 4:16)!

Dit is hierdie aspek van Christus se voorbidding wat in artikel 26 NGB wyd aan die orde kom. Die agtergrond is onmiskenbaar: die vele voorsprekers wat die kerk van Rome in Maria en die gestorwe heiliges gevind het. Met al hierdie menslike pleitbesorgers in die hemel reken ons belydenis onverskrokke af. Dit het my getref hoedat dit ons op die hart gedruk word dat ons by die *Here Jesus* sál teregkom. Die artikel benadruk dat "die verhewenheid" van hierdie Middelaar ons nie moet laat terugdeins nie. In die Middeleeue het die verhewenheid sterk op die voorgrond gestaan. Christus is veral gesien as die ontsagwekkende komende regter.

Ons verower die hart van die Vader wanneer ons aan Hom die Naam van sy Seun voorhou.

Dit is 'n siening wat ver verwyderd staan van die familiariteit waarmee baie vandag oor "Jesus" praat. Intussen kan dit 'n heilsame korrekief wees wat daaraan herinner dat ons belydenis wel ook oor dié verhewenheid praat! Ons Heiland ís die Heer der here en die Hoëpriester wat sit aan die regterhand van die majesteit van God. Toe hy as sodanig aan Johannes verskyn het, het die apostel soos 'n dooie aan sy voete geval (Openb. 1:17). Van verhewenheid gepraat ...

Maar hoe verhewe ook al, by Hom het ons vrymoedigheid. En ons het nie tussengangers nodig om na Hom te gaan nie. "Want", sê artikel 26, "toe God Hom aan ons gegee het (as Voorspraak), het Hy goed geweet dat ons sondaars is". Ons kan dan ook met vertroue deur Hom tot God gaan (Heb. 7:25), des te meer omdat Hy op aarde mens was en ons nood uit ervaring ken. Hy kan ons by uitstek te hulp kom

omdat Hy self versoeking gely het en daarom met ons swakhede medelye kan hê (Heb. 4:15).

Bewaring

Die voorbidding van Christus word in die Dordtse Leerreëls genoem in verband met die *bewaring* van die ware gelowiges. Hulle kan diep val. Die Leerreëls wys op Dawid en Petrus. Maar hulle vervreem nie heeltemal van die geloof en die genade nie, bly nie tot die einde in hulle sonde nie en gaan nie verlore nie. As dit van hulle afhang sou dit ongetwyfeld gebeur, maar omdat dit van God afhang, kan dit glad nie gebeur nie. Dan wys die Leerreëls onder meer op die voorbidding van Christus (V.8). In die kantskrif word verwys na Romeine 8:34 en Lukas 22:32. Mens kan myns insiens hier ook verwys na die hoëpriesterlike gebed in Johannes 17.

Wat Lukas 22 betref ontmoet ons daar 'n Petrus in naïewe oormoed. Hy het klaarblyklik niks begryp van die lyding wat op sy Meester wag nie. Hy dink oor "gevangenis" en "dood". As dit sover met Jesus sou kom, kan sy Meester op hom reken. Hy bly by die Meester al word dit ook donker. Miskien kry satan sy mede-apostels beet, hy, Petrus, sal Jesus nooit verloën nie: "Al sal almal ook aanstoot neem, dan tog nie ek nie!" (Mar. 14:29).

Calvyn teken by hierdie betuiging van Petrus aan dat hy op twee maniere sondig. Petrus het in oormoed trou beloof en sy eie swaakheid nie in ag geneem nie.

So is dit ook. Petrus sal by Christus bly en volhard in die geloof, nie omdat sy liefde so sterk is nie, maar enkel en alleen omdat Christus vir hom gebid het dat sy geloof nie sal ophou nie. Wat die Meester aankondig, sal gebeur. Binnekort vind 'n gruwelike verloëning plaas. Maar die diep val sal nie die einde wees van Simon, die Rots, nie. Hy sal tot inkeer kom, daar sal trane van berou wees. Dit is die *vrug* van Christus se voorbidding. Net in hierdie voorbidding alleen lê die geheim van Petrus se uiteindelijke bewaring in die liefde tot, en die geloof in sy Meester!

Die kerk wat met die wêreld wil trou, sal vind dat sy baie gou weduwee word

- J Tuininga

In Romeine 8:34 ontdek ons dieselfde geheim. In die verband som Paulus al die gevare op wat ons as God se kinders kan bedreig: verdrukking, benoudheid, vervolging, honger, dood en magte. Maar van 'n *fatale* bedreiging is nie sprake nie, omdat niks ons sal skei van die liefde van Christus nie; Christus wat vir ons *pleit*. As dit van ons sou afhang, sou ons op die geloofspad dodelik verongeluk het. Maar nou is daar die bewarende krag van Christus se voorbidding. Daardeur is die jubel moontlik: "*Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars.*" Christus se voorbidding as die geheim van die volharding van sy skape kom ons ten slotte ook sterk teë in die hoëpriesterlike gebed van Johannes 17. Dit is allereers 'n gebed vir die dissipels (vgl. v. 8) maar brei dan uit na dié wat deur hulle woorde in Hom sal glo (vgl. v. 20). Dit is verrassend hoedat hierdie gebed vol is van Christus se sorg vir sy kinders wat Hy in die wêreld agterlaat. Dit gaan om bewaring teen die bose, om heiliging in die wêreld en om één wees met God.

Die gebed loop uit op 'n kragtige wilsverklaring met betrekking tot die toekoms van al dié wat aan Hom behoort: "Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlijkheid kan aanskou ..." (v. 24). Die Heiland kan met soveel stelligheid spreek omdat Hy die werk wat die Vader Hom gegee het, volbring het. Hy sê dit ten aanhore van sy leerlinge sodat ons kan weet hoeseer Hy ons toekoms ter harte het en hoeseer ons daar seker van kan wees dat ons in sy heerlijkheid sal deel. Ons hoor in Johannes 17 sy liefste en laaste wens! Dié gebed staan in die evangelie om aan ons te verkondig *hoe* Christus vir die wat aan Hom behoort gebid het en nóg vir hulle pleit.

Met reg verwys die Dordtse Leerreëls na die voorbidding van ons Here juis in die hoofstuk wat handel oor die volharding van die heiliges. Hulle wys nie daarop om ons tot sondige sorgeloosheid te lei nie: "*ons hoef niks te doen nie, want ons word in elk geval bewaar!*" Die Leerreëls gee vir so 'n houding nie die minste ruimte nie. Immers sê hulle dat God die

volharding van die wat aan Hom behoort verkondig tot troos van al die gelowiges (die Nederlandse DL V, 15 het "Godvruchtige zielen". Sien ook DL V, 12 - vertaler). God se getroue kinders hoef nie bang te wees dat hulle dodelik sal struikel en vir altyd verlore gaan nie. 'n Diepe val kan gebeur. Maar dan bring die Here hulle weer tot inkeer en opregte berou, soos met Dawid en Petrus gebeur het. Want die "*voorbidding .. van Christus kan nie kragteloos gemaak word nie*" (V, 8). Sy "Vader, Ek wil ... " styg uit bo al die geweld van die satan en al die boosheid van ons hart. Sy pleitende stem *bewaar*, en sorg daarvoor dat ons geloof nie beswyk nie!

Johannes 16:26

Nou dat ons nagegaan het in welke kontekste die Nuwe Testament spreek oor die voorbidding van Christus, ontstaan 'n probleem wanneer ons lees wat Hy aan die dissipels sê in Johannes 16:26: "*In daardie dag sal julle in my Naam bid; en Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader aangaande julle sal vra nie; want die Vader self het julle lief ...*". Hoe is hierdie woorde te rym met die troos wat ons gevind het in alles wat gesê word oor die permanente voorbidding van die groot Priester in die hemelse heiligdom? Eksegeties is daar heelwat menings oor die woorde. J. van Andel meen dat hier gesê word dat gebed in Jesus se Naam 'n besondere tussenkoms van sy kant oorbodig maak. Die leerlinge sal hier op aarde, tot die mate van die volkomenheid van hulle vereniging met Christus, verhoog word tot die staat waarin die volmaaktes, wat 'n Voorbidder nie meer nodig het nie, verkeer. P.H.R. van Houwelingen betrek die uitspraak geheel op die toekoms. "In daardie dag" slaan dan op Christus se wederkoms. By die wederkoms word nog steeds in sy Naam gebid, maar Hy hoef dan nie meer by die Vader te bemiddel nie. Die tyd van sy tussenkoms is dan verby. Ek verkies die verklaring wat Herman Ridderbos aanbied. "In daardie dag" het betrekking op die tyd van *die Gees*, wat die leerlinge sal lei tot "die hele waarheid" en Christus so verheerlik (vgl. Joh. 16:12 e.v.). Deur die Gees sal Christus "ronduit" spreek oor die

A good man desires to know the worst about himself

- M Henry

Vader. Alle misverstand en bedekking sal dan weggeneem word. Die leerlinge sal die werk van hulle Meester verstaan, en só sal dit vir hulle moontlik word om in Jesus se Naam te bid: met beroep op sy werk en op sy volmag.

Hulle het nog nie só gebid nie (Joh. 16:24). Hulle kón nog nie, want hulle was nog vasgevang in onkunde en misverstand. Dit kon ook nog nie omdat die groot werk nog deur Christus volbring moes word.

Maar die koms van die Gees van die waarheid sal 'n nuwe gebedsmoontlikheid bring! Aanstonds kan die leerlinge met beroep op Christus en sy werk tot die Vader nader. Dan is Hy werklik die weg na die Vader. Soos Calvyn gesê het: ons verower die hart van die Vader wanneer ons aan Hom die Naam van sy Seun voorhou.

Die woorde van die Here verseker ons dat ons direkte toegang tot die Vader het. Dit sê alles

oor ons posisie: die Vader self het ons lief omdat ons sy Seun liefhet (Joh. 16:27). Christus hoef nie alles namens ons te vra nie. Hy hoef nie in ons plek ons nood aan die Vader bekend te maak nie. Ons mag en kan dit self doen as die Vader se geliefde kinders, deurdat die Gees ons die Vader leer aanroep (vgl. Gal. 4:6). As dit gaan oor *vra*, kan ons self by die Vader teregkom. Terselfdertyd bly dit so, dat die verhoring van ons vrae enkel en alleen vas is in Christus se voorbidding, waarby hy steeds sy bloed vir ons laat spreek. Sy voorbidding bly noodsaaklik.

Dit moet ons nie ontgaan dat sy woorde oor sy "nie ... vra nie" in die konteks staan van "in my Naam bid"! Dit beteken: *ons vra gaan saam met die beroep op sy werk en voorbidding*. Ons vra self, maar ons kom tot God deur Hom wat altyd leef om vir ons te pleit. Die Vader self het ons lief, maar dit is en bly "*die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is ...*" (Rom. 8:39).

BEJAARD

J Wesseling

Slytasie

Die wagkamer was gelukkig nie al te vol nie. 'n Bietjie uitasem het hy tuis weer in sy stoel neergesak.

Hy besoek die fisioterapeut reeds die afgelope paar weke. Hy kan agterkom dat hy ouer word. Hy loop nie meer so gemaklik nie. En nou het daar nog rugklagtes bygekome. Aanhoudende pyn. Slytasie, het die dokter gesê. Ook geen wonder op sy ouderdom nie.

Maar dit verg baie moeite van hom om nie knorrig te word nie. Hy het nog altyd 'n hekel gehad aan mense wat die healtyd loop kla. Nou loop hy self die gevaar om oor sy skete en kwale te wil praat.



Sagmoedigheid is om jou stem skreeuend te verhef vir die welsyn van jou naaste, ten koste van jouself

- JP Versteeg

Hartseer

Maar tog: dis nie maklik om oud te word nie. 'n Paar jaar gelede is Gerda oorlede. Hy het nooit geweet dat so iets so ingrypend op jou lewe kan wees nie. Hy voel die skrynende pyn nog elke dag en hierdie verdriet kan mens eintlik met niemand deel nie. Elke keer as hy instap by die huis ... die stilte. Die gemis om nog net gou saam oor die preek en oor die Here te praat. Dit is alles verby.

Hulle het dit goed gehad saam. Daar was natuurlik wel sou nou en dan haakplekke. Ook in hulle huwelik het die mooi en lelike dinge mekaar afgewissel. Hulle het goeie sowel as moeilike periodes beleef. Maar wanneer jy terugkyk, het die huweliksformulier tog op 'n pragtige manier werklikheid geword. Hulle was mekaar tot steun gewees in hierdie lewe. Maar sekerlik ook as dit oor die toekomstige lewe gegaan het. Hulle het mekaar daarin telkens weer ervaar as 'n geskenk van God!

Grondtoon

Vir albei van hulle was dit die grondtoon in hul huwelik. Elke dag was die Here deel van hul lewe. Juis toe dit moeilik gegaan het, het hulle dit so duidelik ervaar. God het hulle nie in die steek gelaat nie.

Dit kom hy nou nóg agter. In daardie vertroude het hulle ook van mekaar afskeid geneem. Dit was gelukkig moontlik gewees. Hulle kon vir mekaar sê: Gód was steeds saam met ons gewees.

Nie dat hulle dit altyd so ervaar het nie. Vroeër het hulle dit heeltemal te min vir mekaar gesê. Soms het hulle selfs nie eers oog daarvoor gehad nie. Dan was hulle heeltemal oorweldig deur die drukte van die gesin en die kerk, dat hulle net rondgehardloop het. Agteraf gesien was hulle partykeer maar agterlosig in hul omgang met die HERE.

Hulle het tye van wanhoop geken. Veral toe sy jongste broer skielik gesterf het. Hy het 'n gesin

met klein kinders agtergelaat. Toe het hy ook nie meer geweet watter kant toe nie. As jong ouderling het hy in soortgelyke omstandighede altyd die rigting aangedui. Maar later het hy daarmee ook versigtiger omgegaan. Hy was self ook behoorlik opstandig gewees. Kwaad. En vol verwyte. Hy het die hemel bestorm met sy vrae.

Band

Maar wanneer hy nou terugkyk, kan hy duidelik sien dat die HERE hom vasgehou het. Sonder dat hy dit in die eerste plek agtergekom het. Dit het ook sy band met Christus verdiep. Ook sy verlange na Sy terugkeer. Hy het 'n slag Calvyn geles: namate ons meer met lyding te doen kry raak ons meer geheg aan Christus. En aan sy kerk. Dit wou hy destyds glad nie erken nie, maar dit was tog waar.

Dit is jammer dat daar in die kerk so min tussen ou- en jongmense régtig gepraat word. Hy het so baie om vir hulle te vertel.

Sondae het al hoe meer die hoogtepunt in sy lewe geword. Dit was asof hy al hoe meer behoefte daaraan gekry het soos hy ouer geword het. Die boodskap van vergewing van sy sondes, daarvan kon hy nie genoeg kry nie. Natuurlik dink hy soms aan die ontmoeting met Christus. Dit sal vir hom ook nie meer te lank duur nie. Dat hy, met al sy sondes, vrygespreek is! Dat Christus in sy plek perfek geleef het. Dit alles word net al hoe wonderliker vir hom.

En dan die preke en psalms oor die trou van die HERE! Juis nou dat hy oud geword het, gee dit so 'n rus.

Sterf

Partykeer hou dit hom nogal besig. Om te sterf. Hoe sou dit wees? Deurgaans na die ewige lewe, ja seker. Maar tog sien hy op daarteen. Veral teen die oomblik self. Dit is 'n aanvegting, hy

Godsdienst is die mens se soeke na God. Christenskap is God se soeke na die mens.

weet. Maar jy moet tog daardeur. Hy verlang regtig na die lewe hierna. Dat dit 'n werklikheid is, daarvan is hy ook seker. En tog. Somtyds probeer hy om 'n voorstelling daarvan te maak. Dit is moeilik. Dit sal nie 'n teleurstelling wees nie, intendeel. So baie vertrou het hy in Sy Heiland.

Elke dag was die HERE saam met hom gewees. Dit sal ongetwyfeld op daardie oomblik ook die geval wees. Saam met sy engele.

Brandpyn

Skielik voel hy weer die steek deur sy hart. Hul grootste hartseer was toe Anton afskeid geneem het van God. Hulle het hulself dikwels vol twyfel afgevera of dit hulle skuld was. Wat het hulle verkeerd gedoen? Ongetwyfeld het hulle foute gemaak. Dit het hulle ook gereëld vir hom gesê. Nee, dit was nie deur hulle toedoen nie, het hy hulle verseker. Maar tog.

Daaroor het hulle altyd meer verdriet gehad as die afsterwe van hul tweede kind. Die kloof was amper tasbaar aanwesig.

En eendag sal die HERE kom.

Vir hom. Maar ook vir Anton.

Hy het dit elke dag in sy gebed aan die HERE opgedra. Maar hy moes nogsteeds leer om dit verder aan die HERE oor te laat. Elke keer het die verdriet weer soos 'n mes deur sy siel gesny.

Feite

Gelukkig het dit nooit die grondtoon van vertrou aangetas nie. Dit het hy ook telkens weer so probeer oordra. In die kerk voel hy soms 'n bietjie oorbodig. Ouer mense word nouliks gereken. Maar wanneer hy die geleentheid kry, vertel hy dit. Psalm 92 beskryf dit so mooi. Bejaardes kan getuig dat die HERE waaragtig is. Hulle kan vir die féite instaan. Hy het dit self ook so ervaar.

As daar iets is wat die jongmense vandag nodig het, dan is dit hierdie waarheid. Hy kan dit aan

sy kleinkinders agterkom: alles lyk onseker en sonder fondasie. Niks is seker nie. Die Bybel was vir hulle bloot èen van die maniere om te glo. Meer as ooit moet hulle weet dat jy jou hoop op God kan stel. Dat jy op sy woorde kan staatmaak. En dat dit vir jou houvas gee. As 't ware veranker aan die hemel. Hoe ingrypend het die wêreld tydens sy lewe verander. Ook wreder geword. En die ongeloof is so agressief. Hy hou sy hart vas.

Maar die Here is waaragtig! Dit is wat jongmense moet hoor! Meer dan ooit!

Hyself. Sy kinders. Ook Anton. Sy kleinkinders.

Glans

Hy kan met blydschap uitsien na die toekoms. Agteraf gesien het sy lewe vinnig verby gegaan. *'Die lyding van die teenwoordige tyd sal nie opweeg teen die heerlijkheid wat eendag aan ons geopenbaar sal word nie'*. Dit versag tog die pyn van nou. Sy ruggyn sal nie meer weggaan nie. Maar hy beskou dit maar as die pynlike gevolge van hierdie lewe. En die voorbereiding op later.

Kom, dis tyd vir sy toebroodjie. Netnou sal hy weer bid: gee my elke dag wat ek vir my liggaam nodig het. Sy hele lewe lank het die HERE daarop geantwoord.

Noudat hy terugkyk, was dit die gloed wat oor sy hele lewe geskyn het. Hy was bly met sy God. Nou al. Hoe sal dit dan nie eendag wees nie!

Dit is jammer dat daar in die kerk so min tussen ou- en jongmense régtig gepraat word. Hy het so baie om vir hulle te vertel.

Veral oor God. Dit kan nou nog!

God.

Wat elke dag aan hom in sy kamer 'n besondere glans gegee het.

Die kansel is God se stoel waarvandaan Hy ons siele regeer

- J Calvin